Hoe om malvalekkers te braai

Dit is altyd gesellig om malvalekkers om ’n vuur te braai.

? Stappe

1. Malvalekkers kan om ’n kampvuur gebraai word. Elkeen kan egter ook sy eie klein vuurtjie maak of in groepies saam vuur maak. Dit is vir PD’s baie lekker om self ’n vuurtjie te maak.
2. Soek ’n langerige dun stokkie uit. Jy kan ook sosatie-stokkies gebruik. ’n Langerige stokkie is egter beter omdat jy die malvalekker verder van die vuur kan hou.
3. Druk die malvalekker deur die stok.
4. Braai nou jou malvalekker.
5. Moenie die malvalekker direk in die vlamme hou nie. Hou dit ’n ent weg en draai gereeld.
6. Doop die malvalekker in sjokoladesous.
7. Die sjokoladesous moet voor die tyd gemaak word. Daar is verskillende maniere om sjokoladesous te maak. Hierdie is een manier:
   Gooi room en stukkies van ’n blok sjokolade in ’n kastrol. Smelt die mengsel oor stadige hitte terwyl jy gedurig roer. ’n Mikrogolfoond kan ook gebruik word. Die blok sjokolade kan ook vervang word met Bar Ones wat in stukkies gebreek word.

☺ Wenke

1. Braai malvalekkers na ete as nagereg.
2. Sê vooraf vir almal hoeveel malvalekkers elkeen gaan kry. Sorg dat een persoon verantwoordelik is om die malvalekkers regverdig uit te deel.

☠ Waarskuwings

1. Wees versigtig – die malvalekkers brand maklik.